higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

GRAFIESE ONTWERP
NKR VLAK 3

(2020023)

7 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.

354Q1N2007

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Punte sal nie toegeken word vir eenwoordantwoorde nie tensy die vraag dit spesifiek vereis.

5. Gebruik die puntetoekenning om te bepaal hoeveel tyd jy aan 'n vraag moet bestee.

6. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.
(Gebruik 'n potlood of kleurpotlode vir die tekeninge/illustrasies)

7. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

8. Laat ten minste DRIE reëls oop tussen elke vraag.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n woord/item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–N) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	Diamond Sutra	A	kopiëring van rekenaardata na 'n argieflêer wat reeds in sekondêre berging is
1.2	'Tweening'	B	vertikale oriëntasie van 'n bladsy of kunswerk
1.3	Portret	C	kleure wat eweredig om die kleurwiel gespasieer is
1.4	Konstruktivisme	D	webwerwe en aansoeke wat gebruikers in staat stel om inhoud te skep en te deel of om aan sosiale netwerke deel te neem
1.5	Rugsteun ('Back-up')	E	bykomende stuk inligting wat onderaan 'n bladsy gedruk word
1.6	Naamblok	F	gladde beweging tussen die verskillende posisies van 'n voorwerp, wat bereik word deur die program Adobe Flash te gebruik.
1.7	Photoshop	G	titel van 'n koerant of tydskrif boaan die eerste bladsy of redaksieblad
1.8	Dropbox	H	kuns- en argitektoniese filosofie wat in 1913 in Rusland onder leiding van Vladimir Tatlin ontstaan het
1.9	Virale bemarking	I	styl van skilder, musiek of drama waarin die kunstenaar of skrywer daarna streef om die binnewêreld van emosie eerder as eksterne realiteit uit te beeld
1.10	Analoë kleurskema	J	sagteware wat gebruikers in staat stel om kleur op digitale foto's te manipuleer, af te sny, groter of kleiner te maak en reg te stel
		K	eerste gedrukte boek in China
		L	metode van massabemarking waar verbruikers aangemoedig word om inligting te deel oor 'n maatskappy se goedere of dienste via die Internet
		M	drie kleure wat langs mekaar op die kleurwiel is
		N	persoonlike aanlyn wolkbergingsdiens wat gereeld gebruik word vir deel en samewerking

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1–2.13) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Teks wat gebruik word in die ontwerpindustrie of deur webontwerpers om die spasie te vul wat later vir regte inhoud gebruik gaan word.

A Bladserif
B Tipeklassifikasie
C Lorem ipsum
D Beweegbare tipe

2.2 Die grootte van 'n briefhoof.

A 90 mm × 50 mm
B 148 mm × 210 mm
C 210 mm × 99 mm
D 210 mm × 297 mm

2.3 Die belangrikste element van ontwerp is …

A Teks
B Balans
C Komposisie
D Lyn

2.4 Die grootte wit spasie tussen karakters word beïnvloed deur …

A Bokashoogte
B Letterspasiëring
C Bosteellyn (ascender line)
D X-hoogte

2.5 'n Tegniek wat behels dat 'n voorlopige oppervlakte geskep word, en dan deur 'n ander bedek word en om dan die oppervlakkige laag op so manier af te krap dat die patroon of vorm wat ontstaan dieselfde as die onderste is.

A Optiese mengwerk
B Vermenging
C Bruinering
D Sgraffito

2.6 Die korrekte dpi en kleurkode om 'n plakkaat wat gedruk moet word te ontwerp …

A CMYK , 150 dpi
B RGB , 72 dpi
C CMYK , 300 dpi
D CMYK, 72 dpi

Kopiereg voorbehou

2.7 Die perspektief wanneer 'n kyker direk kyk na die voorwerp wat hy/sy teken.

A Een-punt
B Twee-punt
C Drie-punt
D Verdwynpunt

2.8 … is 'n multibaanoudio-opnameprogram wat jou in staat stel om jou eie musiek te skep en op te neem.

A Adobe Flash
B Microsoft PowerPoint
C GarageBand
D Microsoft Word

2.9 'n Voorbeeld van 'n eksterne bergingstoestel.

A USB
B Monitor
C CPU
D ROM

2.10 George Eastman het in 1888 die eerste …. uitgevind.

A televisiestel
B beweegbare soort drukpers
C videokamera
D Kodakfilmkamera

2.11 Die prosesse om of verhewe of ingelate reliëfbeelde en ontwerpe op papier en ander materiaal te maak.

A Bloei
B Bosseleerwerk
C Verskansing
D Inbedding

2.12 Die … lêerformaat is versoenbaar met kontrasterende en vektorformate en is een van die nuttigste lêerformate om vir ontwerpe te gebruik.

A JPEG
B GIF
C TIFF
D PDF

2.13 'n Voorbeeld van 'n interne bergingstoestel.

A USB
B monitor
C CD
D RAM

(13 × 1) **[13]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1 Komplementerende kleure is kleure wat reg langs mekaar op die kleurwiel is.

3.2 As jy meer as een kleur vir die druk van jou verpakking gebruik, kan jy die drukkaste verminder.

3.3 Direkte bemarking is 'n metode wat gebruik word om produkte, dienste en gebeure deur middel van koerante te adverteer.

3.4 Die doel van die ontwerp sal die styl van die ontwerp beïnvloed.

3.5 Die doel van 'n plakkaat is slegs vir beskrywende uitstalling.

3.6 Teks, klank, beelde en video is die elemente van multimedia.

3.7 'n Ontwerper het nie tekenvaardighede nodig om 'n realistiese beeld op die rekenaar te skep nie.

3.8 As die gehoor nie jou skyfies kan lees nie sal dit lyk asof jy onvoorbereid is.

3.9 'n Voorlegging benodig 'n afsluitings- of eindskyfie.

3.10 Vaardighede met rekenaarsagteware is belangrike vaardighede vir ontwerpers.

3.11 Dit is beter om lettertipes van dieselfde klassifikasie saam te gebruik.

3.12 Komposisie speel 'n belangrike rol in fotografie.

3.13 Ontwerpers gebruik dikwels swart op verpakkingsontwerp om aandag te trek.

3.14 Kleibeweginganimasie maak gebruik van klei of soortgelyke materiaal eerder as mense of rekenaaranimasiefigure.

3.15 Klank in 'n rolprent kan mense se emosies affekteer en belangstelling in die rolprent aanwakker.

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur gebruik te maak van die woorde wat in die lys hier onder voorsien is. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (4.1–4.12) in die ANTWOORDBOEK neer.

jaarverslag; geografiese; 'n nie-impakdrukker; sfeer; primêre kleure; driehoekige prisma; zoembars; riviere; toonbanke; beweegbare tipe; tint; brosjure; Dadaïsme; demografiese; sekondêre kleure; 'n laserdrukker; 'n impakdrukker; Art Nouveau; bewegingsvaagheid (motion blur); Gantt-grafiek; skadu

4.1 … is 'n fotografiese tegniek wat gebruik word om 'n gevoel van spoed aan 'n beeld te verleen.

4.2 … is die wit spasies wat in getikte kolomme kan voorkom en te veel spasie tussen woorde in die teks tot gevolg het.

4.3 … was 'n kulturele teenoorlogbeweging wat tydens die Eerstewêreldoorlog in Zürich begin is.

4.4 … segmentasie is gebaseer op die ligging van die mark.

4.5 'n Stippelmatriksdrukker is …

4.6 'n … toon die taak as afgehandel in sekere tydsperiode in verhouding tot die hoeveelheid tyd wat vir daardie periodes beplan is.

4.7 Een van die algemeenste voue vir 'n … is die drievouvormontwerp wat ses panele het.

4.8 … is in 1041 in China uitgevind.

4.9 'n … plaas droë ink of poeierink op papier deur hitte te gebruik.

4.10 … is die meng van kleur met wit om die intensiteit daarvan te verminder.

4.11 'n Driedimensionele ronde vorm soos 'n bal word 'n … genoem.

4.12 Kleure soos blou, rooi en geel is …

(12 × 1) **[12]**

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Identifiseer die fotografiese tegnieke wat in die foto's hier onder illustreer word en verduidelik hoe dit geskep is.

5.1.1



5.1.2



5.1.3



5.1.4



(4 × 2) (8)

5.2 Verduidelik die verskil tussen *assendente* en *desendente*.

Maak gebruik van voorbeelde en illustrasies om jou antwoord te verduidelik.

(2 × 2) (4)

5.3 Identifiseer en verduidelik die volgende afkortings:
(EEN punt word toegeken vir die definisie en EEN vir die beskrywing.)


5.3.1 RGB

5.3.2 CCD

5.3.3 GB

(3 × 2) (6)

5.4 Bestudeer die beelde hier onder en beantwoord die vrae.



5.4.1 Identifiseer al die 3D-geometriese vorms in die beeld hier bo. (3)

5.4.2 Teken 2 blokke van 5 × 5 cm in jou ANTWOORDBOEK om die volgende opdrag te voltooi.

(a) Teken organiese vorms in die eerste blok.

(b) Teken abstrakte vorms in die tweede blok.

(2 × 2) (4)

5.5 Gee 'n beskrywing van die term *fokuspunt* soos in fotografie gebruik word. (2)

5.6 Definieer die volgende terme met betrekking tot klank in multimedia:

5.6.1 Stereo

5.6.2 Klankeffekte

(2 × 2) (4)

5.7 Noem en verduidelik DRIE verskillende prosesse wat gebruik kan word om idees te genereer. (3 × 2) (6)

5.8 Bestudeer onderstaande gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg:





Jou kliënt, Mev Sally Pillay bedryf 'n mobiele wegneemetewinkel vanuit haar koswa. Sy wil hê dat jy vir haar 'n nuwe logo vir haar besigheid moet ontwerp. Die kreatiewe naam van haar maatskappy is *Vetkoek Queen*. Sy het 'n begroting van R2 000 en benodig die logo binne 'n week. Sy hou van warm kleure soos geel. Die logo moet as promosieteken op die wa aangebring word en moet op uitdeelstukke gedruk word.

5.8.1 Stel 'n ontwerpopdrag vir bogenoemde projek op deur gebruik te maak van die inligting wat gegee is. (5)

5.8.2 Ontwerp 'n logo vir mev. Pillay se maatskappy vir wegneemetes deur gebruik te maak van die handgeskepte ontwerpproses. Jy kan enige tekenmedium van jou keuse gebruik. Gebruik slegs tipografie in jou ontwerp. (12)

5.8.3 Ontwerp 'n wegneemverpakking vir Sally Pillay se *Vetkoek Queen*-maatskappy. Hou omgewingsvriendelike ontwerpidees en verpakkingsmateriaal in gedagte.

Skryf 'n paragraaf onder jou ontwerp wat die verpakkingsmateriaal en jou idee met die ontwerp verduidelik. (10)

5.9 Jou kollege het 'n plaaslike radiostasie vir die studente op kampus. Die radiostasie het jou gevra om 'n radio-advertensie op te neem waarin die kollege vir nuwe innames adverteer word. Die advertensie moet nie langer as 30 sekondes wees nie.

Dui aan waar jy klankeffekte in die komposisie sal gebruik.



Skryf TWEE paragrawe waarin jy die volgende verduidelik:


5.9.1 Die kreatiewe konsep agter die advertensie. (4)

5.9.2 Noem DRIE stukke toerusting wat jy gebruik het om die advertensie op te neem en hoekom jy hulle gekies het. (4)

[72]

VRAAG 6

6.1 Bestudeer die afbeelding hier onder en beantwoord die vrae.



6.1.1 Identifiseer die uitvindsel in die afbeelding hier bo en noem deur wie dit uitgevind is. (2)

6.1.2 Noem DRIE maniere waarop bogenoemde uitvindsel 'n impak op die wêreld gehad het. (3)

6.2 Die volgende tafel ***Love Me Love Me Not*** is ontwerp deur **John Vogel en Justin Plunkett van Vogel Designs, Kaapstad, Suid-Afrika.**





Gebruik die C.A.F.E.Q.U.E. metode om die volgende produkontwerp te evalueer.
Beskrywing:


- Hierdie tafel word die *Love Me Love Me Not Table* genoem en is ontwerp vir 'n klein spasie.
- Die tafel bestaan uit 8 individuele sytafeltjies en wanneer dit saamgevoeg word lyk dit soos 'n blom (madeliefie).
- Die sytafeltjies lyk soos kroonblare of drywende blare en is beskikbaar individueel of as 'n stel van agt om 'n volledige blom te vorm.
- Die tafel is gemaak van Afrika-mahoniehout.
- Die verkoopsprys per stel is R10 999.
- Die prys per sytafeltjie is R 1 599. (7 × 2) (14)

6.3 Gebruik 'n pen of potlood om VIER tekentegnieke wat jy gedurende die jaar geleer het te illustreer en te benoem.


- Teken hierdie blokke na in jou ANTWOORDBOEK en teken die verskillende tekentegnieke in hulle. Gebruik slegs EEN tegniek per blok.
- Skryf die naam van die tekentegniek wat jy gebruik het onder die blok neer.

6.3.1


6.3.2



6.3.3



6.3.4



(4 × 2) (8)

6.4
- Identifiseer die verpakkingsmateriaal wat in die volgende drie foto's gebruik is.
- Noem EEN voordeel van elk van die verpakkingsmateriaal wat illustreer word.
- Noem EEN nadeel van elk van die verpakkingsmateriaal wat illustreer word.

6.4.1



6.4.2



6.4.3



(3 × 3) (9)

6.5 Identifiseer die volgende toestelle en verduidelik hulle gebruik in TWEE kort paragrawe.

6.5.1



(3)

6.5.2



(3)

6.6 Bestudeer die advertensie hier onder en beantwoord die vrae.



6.6.1 Noem die DRIE kenmerke van 'n suksesvolle advertensie.

(3 × 1) (3)

6.6.2 Stel vas of die advertensie hier bo voldoen aan die kenmerke wat jy in VRAAG 6.6.1 genoem het.

Motiveer jou antwoord. (3)


6.7



6.7.1 Identifiseer bogenoemde toestel en verduidelik sy gebruik. (3)

6.7.2 Noem TIEN stappe wat jy behoort te volg om lêers van die interne geheue van 'n rekenaar na die toestel in 6.7.1 oor te dra. (10)

6.8 Bestudeer die briefhoof hier onder en noem VYF riglyne om in gedagte te hou wanneer 'n grafiese ontwerper 'n briefhoof vir 'n maatskappy moet ontwerp.



(5 × 1) (5)

6.9 Verduidelik wat *vertelling (narration)* is en waar jy dit sal gebruik. (2)

6.10 Bestudeer die foto's hier onder:



FIGUUR A



FIGUUR B

6.10.1 Watter een van bostaande foto's (FIGUUR A of B) is geneem met 'n klein lensopening en watter een met 'n groot lensopening?


6.10.2 Motiveer jou antwoord.

(2 × 2) (4)

6.11 Identifiseer die volgende soorte animasie wat in die foto's hier onder illustreer word.

Verduidelik hoe elk van hierdie tegnieke geskep is.

6.11.1



(3)

6.11.2



(3)
[78]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou